# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

**Johannes 21:20-22**
**Volgelinge van Jesus**
**25 Mei**

# Groei

## Inleiding

Jesus stel Petrus aan as herder oor die eerste gemeente (soos dit in Handelinge 2 beskrywe word) nog voor die gemeente tot stand gekom het. Dit sou eers na die uitstorting van die Heilige Gees ontstaan, toe meer as 3 000 mense tot bekering gekom het. Petrus ontvang die opdrag om die Here se skape en lammers te versorg, sonder dat hy weet wat God vir hom in gedagte het. Al wat hy nou moet weet en doen is wat Jesus in vers 22 vir hom sê:

**Volg jy My!**

## Bid saam

Bid saam dat die Gees julle deur die Bybelstudie sal lei.

## Bespreking

1. Dissipelskap begin by die gehoorsaamheid aan die roeping: "Volg jy My", sonder dat jy weet wat dit alles inhou. So was dit vir Petrus en verskeie ander mense in die Bybel. Dink aan Moses. Lees Eksodus 3:7-14. Het Moses alles vooraf geweet?

**Deel met mekaar julle eie ervaring as volgelinge van Jesus.**

# Johannes 21

2. Die roeping om 'n volgeling van Jesus te wees, gaan altyd gepaard met toerusting van die Heilige Gees. Toe Jesus die eerste keer aan die dissipels verskyn het, het Hy oor hulle geblaas (Johannes 20:22) en gesê: "Ontvang die Heilige Gees". Dieselfde geld vir ons.
   - Dink julle Petrus, Moses en ons kan sonder die Heilige Gees volgelinge van Jesus wees?
   - Waarom/ Waarom nie?

3. Ter wille van die uitvoering van 'n spesifieke taak, rus die Heilige Gees elke gelowige/volgeling van Jesus toe met geestelike gawes. Lees 1 Korintiërs 12:1-13.
   - Wat is die doel van hierdie gawes?
   - Tot wie se voordeel moet dit aangewend word?
   - Watter is die belangrikste gawes? Lees 1 Korintiërs 14:1-5

4. Kom ons keer terug na Petrus toe: In Handelinge 10 openbaar die Here die doek wat uit die hemel neerdaal met rein en onrein diere daarin aan Petrus, met die opdrag om na Kornelius se huis te te gaan. Volgelingskap beteken op daardie tydstip vir Petrus om aan hierdie opdrag van God gehoorsaam te wees.
   - Bespreek die verband tussen dit wat God doen en dit wat Petrus moet doen.
   - Wat leer ons hieruit in verband met ons eie roeping as volgelinge van Jesus?

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 21

**Bid saam**

- Identifiseer 'n aantal dinge wat julle nodig het goeie om volgelinge van Jesus te wees. Bid dan saam as groep hieroor.

**Diensbaarheid**

Onthou:
Groeigroepe bestaan nie net ter wille van hulleself nie. Hulle moet ook diensbaar wees in die gemeente en gemeenskap. Watter bediening lê die Here op julle harte?

**Onthou die bedieninge by wie ons as gemeente betrokke is.**